Dinsdag **21 Mei**

**Skrifgedeelte: Jesaja 65:17-25**

**Fokusgedeelte: Jesaja 65:17-19**

**Die Voleindingsdag (2) – Die HERE skep nuwe hemele en ’n aarde!**

Ons is steeds besig met die lang fees van afwagting op die wederkoms van ons Here Jesus … Heidelbergse Kategismus 22:58: *Ek ervaar nóú alreeds die begin van die ewige vreugde. Ek gaan volkome saligheid besit – ’n saligheid wat geen oog gesien; geen oor gehoor en in geen hart nog opgekom het nie. Die volkome saligheid se doel is om God ewig daarin te prys.*

Mense sug: “Die toekoms lyk na ’n donker gat!” God leer egter dat alles nie op ’n donker gat afstuur nie, maar op die wederkoms van ons Saligmaker! God regeer oor alles. Vir gelowiges gee Hy ’n heeltemal nuwe toekoms. Jesaja 65:16(b): “... die vorige benoudhede is vergete en verborge”!

Die HERE is die aktiewe Een – die Doener! Jesaja 65:17, 18 ,19, 24: “Ék skep …”; “Ék sal juig …”; “Ék antwoord en Ék verhoor …” (65:22, 25): “Mý volk en Mý uitverkorenes …” Waar? (65:25): “Mý hele heilige berg …” Nie die mens nie, maar die Almagtige neem die inisiatief – dán staan die wederkoms mos vas en seker!

Hy gáán alles nuut maak. Nuwe hemele en aarde. ’n Nuwe Jerusalem (blyplek, stad van vrede) met sy heilige berg, waarop die Seun sy versoeningsoffer gebring het.

Dáár gaan God en mens juig en bly wees (vs 18)! Geen gehuil of geskreeu nie (vs 19)! Geen voortydige afsterwe nie (vs 20). Hulle sal huise bou, hulle arbeid sal geseënd en genotvol wees (vgl. Pss. 91, 92, 127, 128). Die HERE beantwoord en verhoor hulle gebede nog voordat hulle vra (vgl. Matt. 6:25-34).

Die onmoontlike word moontlik: “Die wolf en die lam sal saam wei …!” Jesaja 65:25 wys heen na Jesaja 11:1, 6, 10, 12 en na Lukas 4:18, 19 – waar die Here Jesus Self sê dat dit alles in Hom in vervulling gebring word. In Openbaring 21 sê die Here Jesus dat Hý alles nuut maak!

Aan jou wat die Here dien, gee Hy ’n heeltemal nuwe toekoms. Hou jou oë gevestig op Jesus, die Leidsman van die geloof. Die Wederkomende kom! Volhard in die geloof! Nie ’n donker afgrond nie, maar ’n nuwe hemel en aarde! Bou dáárop die toekoms!

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 4*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)*